

HOOFSTUK 1

INLEIDING : UITGANGSPUNTE EN DOELSTELLINGS

1.1 UITGANGSPUNTE

Die teorieë en ondersteunende navorsing van die geesteswetenskappe, in die besonder dié van die psigologie, het baie dekades 'n belangrike basis gevorm vir die formulering van realistiese en duidelik omlynde onderwysdoelstellings en -oogmerke. Met betrekking tot opvoedkundige waardesisteme as basis vir eenheid en samehang in kurrikulumsamestelling, het veral dié deel van die psigologie wat gerig is op die studie van die uniekheid van elke individu, 'n belangrike rol gespeel.

Hierdie gebied van individuele verskille het navorsers soos Francis Galton (Engeland), James Cattell (VSA) en Alfred Binet (Frankryk) teen die einde van die vorige eeu besonder geïnteresseer. Die ondersoek na individuele variasies wat voorkom in die aard en snelheid van individuele reaksies op verskillende visuele, gehoor en ander sensoriese stimuli soos woorde, kleure en klanke het gelei tot 'n steeds meer intensiewe studie van die kenmerkende eienskappe wat elke individu besit (Ahmann, 1962, p.v).

Die besef dat aangebore verskille in geestesvermoëns tussen individue bestaan, het meegebring dat 'n vorm van meting van hierdie verskille op 'n vroeë ouderdom as potensieel die mees doeltreffende hulpmiddel by besluitneming oor die opleiding en verdere loopbaan van leerlinge beskou is (Goslin, 1966, p.21). Steeds meer en meer is dus aandag gegee aan die ontwikkeling van psigologiese toetse en diagnostiese metingstegnieke op die gebied van prestasie, aanleg, belangstelling en persoonlik-sosiale aanpassing (Ahmann, ibid.).

Die aanvanklike toetse van verstandelike vermoëns was hoofsaaklik globaal, op die algemene funksioneringsvlak van die individu gerig. Gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu, het die besef begin posvat van die behoefte aan toetse van spesiale aanlegte, veral differensiële groeptoetse, waar items geskei is in subtoetse van relatief homogene inhoud. So sou intra-individuele vergelyking moontlik gemaak en verskille in prestasie ten opsigte van verskillende funksies geopenbaar kan word (Anastasi, 1970, p.12-14;

Van der Walt, 1974, p.3).

Veral deur die navorsingswerk van Spearman in Engeland, Thorndike en Thurstone in die VSA, is begin om aandag te gee aan moontlike faktore waaruit die mens se intellektuele vermoë bestaan. Die ontwerp en ontwikkeling van verbeterde meettegnieke, waardeur verskille in vermoëns van individue meer akkuraat en sistematies op 'n vroeë ouderdom bepaal kan word, was gerig op meer objektiewe metodes vir die voorspelling van volwasse prestasie, die identifisering van verborge talente en seleksie van individue vir beroepspromosie (Alberts, 1967, p.2).

Deur die toepassing van statistiese tegnieke van meervoudige korrelasie en faktorontleding op individue se prestasie op afsonderlike groepe toetsitems, het psigometrici tot die gevolgtrekking gekom dat die intellektuele prestasie van individue beïnvloed word deur 'n verskeidenheid vermoëns wat onderling verband hou maar konseptueel onderskeibaar is (Goslin, 1966, p.135).

As gevolg van verskil in uitgangspunt, probleemstelling en metodologiese benaderingswyse, word daar veelal verskillende standpunte aangetref ten opsigte van die proses van differensiële evaluering van menslike vermoëns in die algemeen en in die besonder die bepaling van die onderliggende faktore wat 'n rol speel in die spesiale aanlegdisposisie van 'n individu. So word die standpunt enersyds aangetref dat daar in elke menslike wese die potensialiteit opgesluit lê om feitlik onbeperk te ontwikkel. Die rede vir die waarneembare groot verskille in individuele eienskappe sou daarin geleë wees dat die geleenthede vir die ontwikkeling van menslike potensialiteite so ongelyk is. Die uitgangspunt is dus dat alle mense eners en gelykwaardig geskape is en dat elkeen dieselfde mate van sukses kan bereik as hy wil. Die besondere mag en invloed van die onderwys sou dan daaruit blyk dat alle agterstand en ongelykhede deur doeltreffende onderrig uitgeskakel kan word (Tyler, 1956, p.3).

Andersyds word die benaderingswyse gevind dat aanvaar moet word dat die verskille tussen individue basies, onuitwisbaar en biologiese feite is wat nie geïgnoreer kan word nie. Die ideaal sou dan wees die volle benutting van die beskikbare intellektuele toerusting tot die verryking van die gemeenskap. Hier

het ons dan twee uiterstes in standpunt waarvan nie een sonder meer aanvaar of verwerp kan word sonder verdere kwalifikasie nie (ibid., p.4).

Deels as gevolg van 'n verskil in uitgangspunt of benaderingswyse en deels as gevolg van 'n verskil in terminologie en definisie, word op die gebied van musikaal aanleg 'n enigszins vergelykbare antitesis aangetref. So word die standpunt gestel dat alle kinders potensieel musikaal is of 'n musikaal aanleg besit - onder andere deur Orff, Kodály en Suzuki, almal musiekopvoedkundiges van naam (vide Brocklehurst, 1971, p.32; Keyzer, 1948, p.15; Skrywer, 1969, p.149). Daarteenoor onderskei Révész (1953, p.136-140) duidelik individuele verskille met betrekking tot musikaliteit en klassifiseer persone as 'buitengewoon musikaal', 'matig musikaal' en 'algeheel onmusikaal' en stel Keyzer (op cit.) dit dat weinig mense musikaal begaafd genoem kan word. Ook Gordon (1965, p.33) onderskei op grond van sy Musical Aptitude Profile-toets tussen 'musikaal geselekteerde' en 'ongeselekteerde' leerlinge.

Om musiek as 'n esoteriese kunsvorm te beskou waarvoor slegs enkelinge enige onbetwisbare aanleg het, blyk 'n onaanvaarbare siening te wees en strydig met heersende opvoedkundige denke en resultate van navorsing betreffende die aard en verspreiding van musikaal aanleg (Brocklehurst, 1971, p.32). Die veiligste standpunt sou dan waarskynlik wees om van verskillende grade van musikaal aanleg te praat sonder definitiewe kategorisering van leerlinge as musikaal of onmusikaal. Aanlegpotensiaal word dan ook dikwels beskou as algemeen, wydverspreid en 'n eienskap wat deur die regte opleiding gevorm kan word tot aktuele, talentvolle prestasie en voordrag van verskillende soorte en grade (McClelland, 1958, p.25).

Tog moet hierby bedink word dat die wesentlike aard en organisasie van ons onderwysstelsel gebou is op die aanvaarding dat leerlinge verskil in relevante kenmerke sowel vóór as ná blootstelling aan besondere segmente van die leerstof en 'n bepaalde kursus. Trouens, indien leerlinge almal oor identiese aanleg, belangstelling en motivering beskik en aan dieselfde omgewingsfaktore onderhewig sou wees, sal geen individuele verskille waargeneem kan word nie. Onderwys sou 'n ander karakter verkry, doelstellings verander moet word en die waarde van en motivering vir aanlegtoetsing sou dus verval (Wood, 1960, p.4).

Daarenteen word opvoedkundiges en psigoloë baie dikwels gekonfronteer met situasies waar besluite geneem en evaluerings in verband met die uniekheid van individue gemaak moet word. Daarom kan die ontwikkeling en toepassing van gestandaardiseerde toetse waarskynlik as een van die belangrikste bydraende faktore tot opvoedkundige vordering die afgelope vyftig jaar beskou word (Van der Walt, 1974, p.4).

1.2 ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die doel met psigometriese toetse is veral tweërlei van aard, naamlik diagnosties en prognosties. Dit bied naamlik 'n diagnose, beskrywing en waardeskatting van 'n huidige toestand, van 'n 'sindroom' van vermoëns, bestaande eienskappe en kwaliteite, maar dan primêr met as doel 'n voorspelling met betrekking tot 'n individu se toekomstige gedrag en prestasiemoontlikhede (vide Anastasi, 1970, p.22-23, 105).

In terme van die onderwys lê hier 'n belangrike verantwoordelikheid en morele verpligting op die skouers van die opvoedkundige, naamlik om buitengewone latente aanleg betyds te diagnoseer en die geleentheid vir die optimale ontwikkeling daarvan te voorsien om sodoende talenterosie te voorkom. Die voortdurende ontwikkeling op kulturele (naas wetenskaplike, tegniese en ekonomiese) gebied, noodsaak dat elke individu se potensiaal ten volle ontwikkel en benut word en dat belowende aanlegdisposisie so vroeg moontlik geïdentifiseer moet word (Fouché, 1968, p.1). Daarby moet die minder begaafde leerling nie heeltemal buite rekening gelaat en die geleentheid tot selfverwesentliking in eie reg, ontnem word nie. Hy moet aangemoedig en gehelp word om sy beskikbare vermoëns so te ontwikkel dat hy op sy beurt, met watter mate van talent ook al, 'n maksimum bydrae tot die gemeenskap kan lewer (Gordon, 1965, p.36; Owen, 1970, p.1).

Die waarde van 'n toets word bepaal deur die mate waarin dit lei tot verbeterde onderrig en meer effektiewe benutting van menslike talent. Aan die anderkant sal die effektiwiteit en doeltreffendheid van 'n onderwysprogram in 'n groot mate afhang van die aard en kwaliteit van die betrokke meetinstrumente en evalueringsmetodes (Gordon, 1965, p.2; Bailey, 1971, p.3).

Gloobaal gesien, het die huidige ondersoek twee algemene doelstellings wat 'n teoretiese en praktiese aspek behels (vide Duminy, 1959, p.10). Eersgenoemde betrek die analise van musikale aanleg met as doel om insig te verkry in die karakteristieke psigiese strukture wat vir die musikale individu geld. 'n Juis= ter insig in die wese van musikale aanleg, word aan die hand van uitgebreide literatuurstudie gesoek veral met die oog op 'n geskikte metodologiese benade= ringswyse in die praktiese psigometriese navorsingswerk wat volg. 'n Newege= skikte doel is die bevoordeling van die onderwyspraktyk deur die diagnose van pedagogiese probleme en die formulering van riglyne wat betref breë musiek= opvoedkundige beginsels asook praktiese en veral organisatoriese aspekte wat die musiekonderwys raak.

Die praktiese aspek hou veral verband met vergelyking en keuring en verteen= woordig die taak van die opsporing en bestudering van verskynsels wat as aan= wysing sou kon dien van 'n potensiaal, 'n aanlegdisposisie by leerlinge. Die uiteindelige doel, waartoe die huidige ondersoek uiteraard slegs rigtingge= wend kan wees, is die bevordering van die ontplooiing en verwesenliking van leerlinge se musikale aanleg. In die lig hiervan word die inherente wese, praktiese toepaslikheid en gebruiksmoontlikhede van bestaande musiekaanleg= toetse ontleed. Dit is naamlik die taak van 'n toetsopsteller van sodanige toet= se, om te poog om die faktore wat belangrik en toepaslik is op die gebied van musikale aanleg te kan isoleer en die betrokke toetse waaruit sy toetsbattery bestaan so op te stel, dat juis dié faktore, die belangrikste onderskeibare komponente van musikale aanleg, gemeet word.

1.3 BESONDERE DOELSTELLINGS

Hierdie ondersoek sal veral gerig wees op

- Die bepaling en presisering van die wese van musikale aanleg en differen= siëring ten opsigte van aanverwante aspekte soos talent, musikaliteit en vermoë.
- Die verkryging van 'n duidelike beeld betreffende die aard, voorkoms en verspreiding van musikale aanleg in Transvaalse blanke skole.

- Die vasstelling van die aard van aanlegtoetsing in die algemeen en die meting van musikale aanleg in die besonder.
- Die ontleding van bestaande aanlegtoetse is musiek wat betref die evaluering van die doeltreffendheid, bruikbaarheid en toepasbaarheid in Suid-Afrikaanse omstandighede; die seleksie en standaardisering van, en normbepaling vir, 'n aantal musiekaanlegtoetse in die lig van Suid-Afrikaanse toestande.

1.4 BYKOMSTIGE DOELSTELLINGS

- Die ondersoek na aspekte verwant aan musikale aanleg soos belangstelling, smaak, voorkeur, intelligensie, persoonlikheidstrekke; die bepaling van moontlike verband hiervan met musikale aanleg.
- 'n Vergelyking tussen leerlinge se musikale aanleg wat betref verskille in taal, geslag, sosio-ekonomiese agtergrond, geografiese ligging (stedelik teenoor nie-stedelik), skooltipe en skoolgrootte.
- Die ondersoek na die moontlike uitwerking van ouderdom en ondervinding op musikale aanleg.
- Die bepaling van die algemene invloed van oorerwing en omgewingsfaktore van huis, skool en gemeenskap.
- Die formulering van enkele riglyne met betrekking tot die toekoms van musiekaanlegtoetse in Suid-Afrika.

Die hoofdoel en taak sou opsommend beskryf kon word as die analise van die 'musikale persoon', die musikale aanlegtoets en die praktiese musikale toepassingsituasie, veral wat betref die onderwys in Suid-Afrika.

Hieruit volg, onder andere, die volgende vrae waarop antwoorde gesoek word.

- Watter variante beïnvloed toetsprestasies? Meer spesifiek gestel, watter eienskappe van musikale aanleg is bepalend vir sukses in die take deur die betrokke toetse vereis?

- Hoe relevant is die vermoë om goed te presteer in die toetsituasie tot die vermoë om in opvolgende, verskillende situasies te presteer? Anders gestel, wat is die bruikbaarheid van die toetsstelling in die voorspelling van toekomstige prestasie? Kan latere manifestasie en realisering van aanleg, benewens blote spekulasie en hipotesestelling, met sekerheid voorspel word?
- Watter bykomstige faktore speel 'n rol by die musikale aanleg van die individu? Wat is byvoorbeeld die rol van oorerwing, huislike stimulering, vorige musikale ervaring en opleiding, algemene skolastiese prestasievermoë, persoonlikheidsfaktore en algemene verstandskapasiteit by musikale aanleg soos weerspieël in die toetsprestasies?
- Hoedanig vind die ontwikkeling (indien enige) van basiese musikale aspekte soos ritme, toonhoogteonderskeiding, en toongeheue plaas met ouderdom, algemene ondervinding en skolastiese vordering? Of is hierdie elemente konstante, onveranderlike gegewens?
- Hoe vergelyk die toetsprestasie van die Suid-Afrikaanse kind met dié van sy Amerikaanse en Britse eweknie (soos deur toetsouteurs gerapporteer) wat verskillende aspekte van musikale aanleg betref?
- Is musikale aanleg 'n unitêre vermoë, 'n onverdeelbare eenheid, 'n 'gestalt' of 'omnibus' of moet dit as 'n kompleks van diverse spesifieke komponente gesien word? Is die holistiese en hiërargiese teorieë geheel onversoenbaar? Is daar 'n enkele algemene faktor van musikale aanleg?
- Wat is die algemene waarde en betekenis van musikale aanlegtoetsing? Regverdig dit die tyd, arbeid en onkoste? Kan die verkreë data sinvol toegepas en benut word? Word daar nie bloot oppervlakkige simptome van musikale aanleg, in plaas van die aanleg self, gemeet nie?

Ten einde antwoorde op hierdie vrae te probeer vind, die wese van musikale aanleg en die stand, betekenis en waarde van musikale aanlegmeting te probeer peil, word verskillende bestaande musikale aanlegtoetse empiries ondersoek en ontleed. Dit geskied teen die agtergrond van 'n analise van verskillende omskrywings en definisies van musikale aanleg (naas vermoë, talent en musikaliteit) waardeur gepoog word om die wesenskenmerke en belangrikste komponente af te baken en te beskryf.